DIE VOLKSIE

HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG NUUS | ONS STORIE

By Hoër Volkskool Heidelberg glo ons dat harde werk en toewyding altyd vrugte afwerp. Ons Volkies het onlangs weer gewys dat hulle nie net in die klaskamer uitblink nie, maar ook op die sportveld. Van netbal tot rugby tot atletiek, die naam, Volkie, word oral met trots gedra.

HOOFNUUS

BRAKKE VS DORP

Hoër Volkskool Heidelberg se Interhuis was ’n reuse sukses, met uitstekende deelname en ongelooflike gees op die veld. Die stryd tussen die Dorpspan en die Koshuisbrakke was spannend, maar die Brakke het geskiedenis gemaak deur vir die eerste keer ooit as wenners weg te stap. Geel het oral geskitter en die pawiljoen was propvol ondersteuners. Die dag is gekenmerk deur uitstekende sportmanskap en ware Volkie-gees. Dit is ’n dag wat nog lank onthou sal word.

BRIEF VAN DIE VOLKSIE REDAKTEUR...

Ons Volksie is hierdie kwartaal volstoom aan die gang, en ons sien daarna uit om al ons leerders se hoogtepunte met julle te deel. Op elke gebied blink ons uit — of dit nou ons atlete, kultuursterre, kranige swemmers of ons sportspanne is.
Volkies weet waar hulle hoort: net hier!

Ons is deel van 'n skool waar elke leerder voel hy of sy behoort aan iets groter.

'n Plek waar deelname aangemoedig word, waar talente ontwikkel word en waar niemand huiwer om hul beste te gee nie.
Ons redaksiespan bring hierdie gevoel van behoort — hierdie plek wat ons "huis" noem — reguit na jou toe.

ANELL SHEPHERD - REDAKTEUR

'N NOTA VAN ONS NUWE WAARNEMENDE ADJUNKHOOF MNR. JOHAN POTGIETER

Volkies.
Geskryf vanuit 'n dissipline-perspektief
'n Gedissiplineerde skool is nie een waar die leerders bang is nie, maar een waar grense duidelik, regverdig en betekenisvol is.
'n Plek waar karakterontwikkeling deurlopend plaasvind sodat elkeen sy of haar volle potensiaal kan bereik. 'n Plek waar gedissiplineerde en gebalanseerde individue hul ideale kan verwesenlik.
By ons skool glo ons dat ware dissipline begin by respek – vir jou God, vir jouself, vir ander en vir ons omgewing. Dit gaan nie net oor reëls nie, maar oor die keuses wat ons elke dag maak.
Kom ons kies om die regte keuses te maak, om mekaar op te bou, om reg te doen selfs wanneer niemand kyk nie, en om altyd ons beste te gee.
Wanneer ons verantwoordelikheid neem, mekaar ondersteun en met trots en lojaliteit optree, skep ons 'n plek waar almal veilig voel en kan groei. Elkeen van ons speel 'n rol om die skool 'n positiewe, vriendelike en gedissiplneerde ruimte te maak.
Saam maak ons 'n verskil!

JC POTGIETER

MATRIEKS 2025 UITSLAE

Die matriekklas van 2025 het uitsonderlike uitslae behaal waarop ons almal ongelooflik trots is. Met 'n indrukwekkende 98,2% slaagsyfer en 'n graadstudie-vrystelling van 84,8% het ons matrikulante bewys dat harde werk en deursettingsvermoë vrugte afwerp. Altesaam 209 A-simbole is tussen 165 leerders verwerf, wat getuig van akademiese uitnemendheid en toewyding. Hierdie prestasie weerspieël nie net die leerders se vasberadenheid nie, maar ook die ondersteuning van hul onderwysers en ouers. Ons matriekgroep het 'n hoë standaard gestel en laat 'n nalatenskap van trots en sukses agter.

VAKKE MET 100% SLAAGSYFER

- AFRIKAANS
- ENGELS
- I.G.O
- LEWENSORIËNTERING
- GEOGRAFIE
- GESKIEDENIS
- TOERISME
- WISKUNDE GELETTERDHEID
- LANDBOUBESTUURSTEGNOLOGIE
- LANDBOUBESTUURSPRAKTYK
- GASVRYHEIDSTUDIES
- INLIGTINGSTEGNOLOGIE
- DANS
- DRAMA

- 7 ONDERSKEIDINGS - 1 LEERDER
- 6 ONDERSKEIDINGS - 1 LEERDER
- 5 ONDERSKEIDINGS - 3 LEERDERS
- 4 ONDERSKEIDINGS - 6 LEERDERS
- 3 ONDERSKEIDINGS - 12 LEERDERS
- 2 ONDERSKEIDINGS - 21 LEERDERS
- 1 ONDERSKEIDING - 79 LEERDERS

98.2% SLAAGSYFER

209 A-SIMBOLE TUSSEN 'N TOTAAL VAN 165 LEERDERS

84.8% GRAADSTUDIE-VRYSTELLING

Lolla het 'n blink toekoms! Kom ons hoor wat is Lolla se toekomsplanne?

Sy beplan om Aktuariële Wetenskappe by NWU Potchefstroom te studeer omdat sy van 'n uitdaging en van wiskunde hou. Haar doel is om haar alles te gee vir haar familie, vriende en toekomstige familie. Oor vyf jaar hoop sy om besig te wees met 'n honneursgraad. Sy glo dat tydsbestuur een van die grootste uitdagings sal wees. Haar matriekjaar het haar geleer dat 'n mens hard moet werk vir wat jy wil bereik. Haar onderwysers, vriende en familie was haar grootste ondersteuning. Sy hoop ook om ná haar graad nog verder te studeer en moedig ander leerders aan om die lewe te geniet maar nogsteeds hard te werk.

LOLLA ELS met 'n merkwaardige 7 ONDERSKEIDINGS

5 ONDERSKEIDINGS

BIANCA ERASMUS

LIESCHE COETZEE

HEINDRICH BRONKHORST

JURGENS POTGIETER

RULINDÉ SMIT

4 ONDERSKEIDINGS

SUNÉ BARNARD

SHAWÉ MARAIS

HUIB SPRONG

ANKE KOTZE

KARIN VENTER

LUNÉ WEPENER

BRYAN WIGGILL

RUBEN BASSON

"Vandag se uitslae wys hoe ver jy gekom het; jou drome wys hoe ver jy nog sal gaan."

Henru Coetzer
GR 11

Akademiese sukses is een van die pilare waarop ons skool gebou is. Ons vier elke kwartaal die prestasies van ons slimkoppe! As Graad 11 DUX-leerling staan Henru Coetzer reeds uit vir sy uitstekende akademiese prestasie en deursettingsvermoë. Met matriekeindeksamen om die draai, het die nuwe jaar groot verantwoordelikheid, uitdagings en doelwitte. Kom ons hoor wat is sy strategie vir matriek...

DIE SLIMKOPPE
VOLKIES AKADEMIE

Henru stel vir homself uiters hoë standaarde vir sy matriekjaar. Sy doel is om in al sewe vakke onderskeidings te behaal en 'n indrukwekkende gemiddeld van 90% of meer aan die einde van die jaar te handhaaf.

Met sy oog reeds op die toekoms gerig, beplan hy om Ingenieurswese te studeer, moontlik by Universiteit Stellenbosch of Universiteit van Potchefstroom.
Hy besef egter dat matriek uitdagend gaan wees, veral om tyd effektief te bestuur tussen sport en akademie. Daarom prioritiseer hy sy skoolwerk en is hy bereid om selfs vroeër op te staan om ekstra studie-ure in te sit.

FILIPPENSE 4:13
TOT DIT ALLES IS EK IN STAAT DEUR HOM WAT MY KRAG GEE.

Ten spyte van die druk bly hy gefokus, veral op sy gunstelling vakke Fisiese Wetenskappe en Wiskunde, wat 'n belangrike rol in sy toekomsplanne speel. Hy erken sukses is 'n spanpoging en is dankbaar vir die ondersteuning van sy ouers, sy meisie Anell, en die motivering van sy onderwysers. Met vasberadenheid, dissipline en 'n sterk ondersteuningsnetwerk is hy gereed om sy matriekjaar met selfvertroue aan te pak en sy akademiese doelwitte te verwesenlik.

Madeleen Lewis
GR 10

Armin Griebenow
GR 9

Leonette Vermeulen
GR 8

DUX LEERLINGE

TOP 10

Gr 11	Gr 10	Gr 9	Gr 8
1. Henru Coetzer	1. Madeleen Lewis	1. Armin Griebenow	1. Leonette Vermeulen
2. Anéll Shepherd	2. Liané Du Plessis	2. Franchoné Laubscher	2. Suané Matthews
3. Chriselda Viljoen	3. Amina Gani	3. Eckhard De Rouwe	3. Philip Lewis
4. Luané Van Staden	4. Claudia Heath	4. Layla Ligthelm	4. Gizelle de Klerk
5. Lalie Van Dar Merwe	5. Carli Venter	5. Kiché Brink	5. Meyer van Vuuren
6. Leyla Smith	6. Jua Rautenbach	6. Anje Brakhoven	6. Anja Kruger
7. Jessica Hindrichsen	7. Emma Barnard	7. Ben Loggenberg	7. Mala van Jaarsveld
8. Div Huisamen	8. Willem-Jan Sprong	8. Corné Fourie	8. Leyna Strassburg
9. Christi Jordaan	9. Anneke Els	9. Anja Bezuidenhout	9. Mieka Rabie
10. Anne-Rete le Roux	10. Michelle die Beer	10. Juané Hamel	10. Khanyisa Ngwenya

JUFFROU HEILA GEE RAAD!

Hoërskool is nie net boeke en eksamens nie – dis ook 'n hele komedie van foute, mode-eksperimente en drama's wat selfs Netflix jaloers sou maak. As jy dink jy's die enigste een wat soms voel jy's op 'n "roller coaster" sonder remme… ontspan, jy's in goeie geselskap!

Wat pla tieners die meeste?

- Punte en eksamens – Daai wiskunde toets voel soos 'n "horrorfliek". Maar onthou: selfs die slimste koppe kry soms 'n nul.
- Portuurgroepdruk – Jy wil inpas, maar jy wil ook jou eie ding doen. Dis soos om te besluit of jy Coke of water moet drink… jy weet wat jy wil hê, maar die groep kyk snaaks.
- Liggaamsbeeld – Selfone en filters laat dit lyk of almal perfek is. "Spoiler alert": niemand lyk so as hulle soggens wakker word nie.
- Boeliegedrag – Of dit nou in die gange of op WhatsApp is, boelies is soos daardie "pop-up ads": niemand het hulle gevra nie, maar daar is hulle.
- Verhoudings – Vriendskappe, romanse, drama… dis soos 'n sepie. Net sonder die advertensiebreuke.

My raad?

- **Lag oor jouself** – dis die beste manier om stres te breek.
- **Onthou dat jy nie 'n robot is nie** – jy mag foute maak, jy mag huil, jy mag lag tot jou maag pyn.
- **Praat met iemand** – 'n onderwyser, 'n vriend, of selfs jou hond. (Honde gee goeie raad, hulle sê net nooit iets terug nie.)
- En laastens: **jy is nie jou punte, jou selfies of jou skoene nie**. Jy is jy – en dit is genoeg.

Hoërskool is 'n sitcom én 'n drama, maar jy's die hoofkarakter. Maak seker jy steel die "show"!



LURI-WAARDES — LOJALITEIT

Die LURI waardes lojaliteit, uitnemendheid, respek en integriteit is die fondasie vir hoe ons as Volkies wil, behoort en probeer optree.
Ons almal ken die vier waardes en hoor dit gereeld in die saal, klas en wanneer ons geesvang, maar wat weet ons werklik wat hierdie woorde beteken.
Lojaliteit beteken om getrou, standvastig en betroubaar te bly teenoor iemand, 'n groep, 'n saak of 'n stel waardes selfs wanneer dit moeilik raak. Dit is wanneer jy iemand of iets by staan, dit ondersteun en nie maklik daarvan wegdraai nie.
Daar is belangrike elemente van lojaliteit soos getrouheid, betroubaarheid, toewyding en standvastigheid wat deel vorm van ons vriendskappe - 'n vriend wat jou nie in moeilike tye los nie. Gesin - om jou familie te ondersteun, te beskerm en om eer aan jou familienaam te bring. Skool of span - om jou span / skool te ondersteun en eerlik te dien. Ons waardes en geloof - om by jou beginsels te bly, selfs as ander op jou druk uitoefen.

As Volkies wat ons Christenskap wil uitleef word lojaliteit in die Bybel meestal beskryf met idees soos standvastigheid en verbondsgetrouheid. Dit beteken om by God, by mense en jou beloftes te bly wanneer dit moeilik raak en wanneer jou vriende nie noodwendig saamstem nie.

Hoe leef ek dit by Volkies uit? Wat doen ek as my vriende of familie nie dieselfde voel oor dié plek waar ek deel voel en waarde het nie?
Ons doen dit deur elke dag op te daag en die beste te wees wat ons kan, al sien niemand dit raak nie, maar jyself weet, al daag niemand op nie, sal jy.
Ons elkeen kan ‘n besluit maak dat Hoër Volkskool Heidelberg die skool is waar jy kan uitblink en jouself uitleef in vriendskappe, sport, akademie en kultuur. Om meer te wees as wat ons voorheen was. Myself verantwoordelik te hou vir my eie beloftes aan myself, my ouers, my vriende en die Here.
In Jesaja 6:8 staan daar " daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur en wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: hier is ek Here, stuur my".
Lojaliteit is 'n Goddelike karaktereienskap. Dit vorm deel van wie jy is, ongeag die omstandighede.
Rut 1:16 " waar U gaan , sal ek gaan, waar U bly , sal ek bly. U volk is my volk en U God is my God".

Kom ons stap saam 2026 in, met n lojale gesindheid teenoor ons geliefdes en Volkieland.

- JdK

VOLKIES
KULTUUR

Ontmoet Volkies se nuwe Kultuurdirekteur

Mnr. Vaughn van Zyl

Kultuur

"Dit is vir my 'n groot voorreg om as die nuwe direkteur van kultuur by Hoër Volkskool aangestel te word. Ek sien hierdie geleentheid as 'n besondere verantwoordelikheid en is opgewonde oor die pad wat voorlê. Daar lê groot uitdagings vir my voor, maar ek het reeds geleer dat dinge wat oornag gebeur nie altyd blywend is nie. Ware groei en sukses kom deur harde werk, samewerking en toewyding.

Kultuur is vir my baie belangrik, omdat dit 'n groot rol speel in die vorming van 'n mens se karakter. Deur deelname aan kultuuraktiwiteite leer leerders dissipline, selfvertroue en spanwerk. Dit bied ook vir hulle 'n platform om hul talente te ontdek en hulself op 'n kreatiewe manier uit te druk.

Ek het verskeie doelwitte vir die kultuurprogram by Hoër Volkskool. Een van my grootste doelwitte is dat die hele skool – personeel sowel as leerders – saam hande sal vat om die kultuurlewe by ons skool verder te laat groei. Wanneer almal saamwerk, kan ons 'n kultuuromgewing skep waarop die hele skool trots kan wees.

Nog 'n belangrike doel is dat Heidelberg as dorp ook sal baat vind by die kultuur en kuns wat ons skool aanbied. Ek glo dat 'n sterk kultuurprogram nie net die skool bevoordeel nie, maar ook die breër gemeenskap kan verryk.
Onder die nuwe projekte wat beplan word, is die herlewing van 'n musieksentrum by Hoër Volkskool. Daarbenewens wil ons meer optreegeleenthede vir al die kultuur- en kunsafdelings skep, sodat leerders meer blootstelling en ervaring kan kry.

Enige leerder wat nog nie by een van ons kultuuraktiwiteite betrokke is nie, is welkom om met my of enige van ons kultuur- en kunspersoneel te gesels vir meer inligting. Ek is seker dat leerders wat deelneem gou sal sien hoe dit help met die vorming van hul karakter en die bou van hul selfvertroue. Daarom moedig ek alle leerders aan om betrokke te raak by aktiwiteite soos drama, debat, redenaars, koor of dans."

REDENAARS

Die skool se interne redenaarskompetisie was onlangs 'n groot sukses. Leerders het hul menings met selfvertroue en goeie redenaarsvaardighede voor die beoordelaars en gehoor gedeel. Die kompetisie het gewys hoeveel talent daar onder ons leerders is.

Ons is trots op al die deelnemers wat die moed gehad het om deel te neem en hul stem te laat hoor. Ons wens ook die wenners sterkte toe met die ATKV-Redenaarskompetisie wat in die 2de Kwartaal plaasvind.

OP DIE SPORTGROND...

SWEM

Die swemseisoen spog met goeie prestasies.
Brakke seëvier by Interhuis en swemmers behaal drie derde plekke by Interhoër.

Die hoërskool se swemspan het die nuwe seisoen met groot entoesiasme afgeskop tydens die jaarlikse Interhuis-swemgala. In 'n opwindende byeenkoms het die Brakke uiteindelik as wenners uit die stryd getree, tot groot gejuig van ondersteuners en spanlede. Na die Interhuis het die swemmers nie stilgesit nie. Die span het aan vier verskillende galas deelgeneem waar leerders waardevolle ervaring opgedoen het en hul vaardighede verder kon ontwikkel. By elke gala het die swemmers groot deursettingsvermoë en spanwerk getoon, wat die span goed voorberei het vir die volgende groot byeenkoms.

Die hoogtepunt van die seisoen was die Interhoër-kompetisie waar die skool teen sterk mededinging van ander skole te staan gekom het. Ten spyte van die uitdagende kompetisie het ons swemmers uitstekend gevaar en drie derde plekke behaal. Eckard de Rouwe behaal twee derde plekke in die seuns o/16 50m vryslag en 50m rugslag. Leonette Vermeulen behaal 'n derde plek in die dogters o/15 50m vlinderslag. Hierdie prestasies is 'n bewys van die harde werk, toewyding en oefening wat deur die span en hul afrigters ingesit word.

Die swemseisoen is nou vir eers verby en die span sien daarna uit om verder te verbeter en nog goeie resultate te behaal in die galas wat in kwartaal vier gaan plaasvind ter voorbereiding van die 2027 seisoen. Met die geesdrif en samewerking wat reeds gewys is, lyk dit beslis na 'n belowende nuwe seisoen wat vir ons swemmers voorlê.

ATLETIEK

Op 22 Februarie 2026 het die Volkies aan die Interhoër deelgeneem by Hoërskool Lydenburg.

Na 'n hele seisoen van harde werk, deursettingsvermoë, dissipline en deeglike voorbereiding het ons atlete die geleentheid gehad om hul talent en toewyding op die baan en veld te wys. Elke deelnemer het hart en siel in hul items ingesit en met trots hul beste gelewer. Die span se samewerking, sportmangees en vasberadenheid was duidelik sigbaar deur die hele byeenkoms.

Ons meisiesspan het uitstekend presteer en 'n algehele tweede plek behaal. Ons skool het algeheel vyfde geëindig. Ons is ongelooflik trots op elke atleet wat deelgeneem het en hul beste gegee het. Hulle harde werk, sportmangees en toewyding het ons skool se naam hoog gehou.

Baie geluk aan al ons atlete, asook aan die afrigters en ondersteuners wat deur die seisoen 'n belangrike rol gespeel het. Ons sien reeds uit na volgende jaar se atletiekseisoen!

EERSTE SPANNE

"Talent wins games, but teamwork and intelligence win championships."
– Michael Jordan

RUGBY

VOLKIESRUGBY

Teaden Kotze, Steph Loubser, Willem Rossouw, Jano Dietrechsen, Jerado Tafel, Jason Brits, Juandré Pretorius, Hein Oelofse, Giulio Dagguanno, Darius Minnie, Christo van Rooyen, Dyllan Baird, Jaco Botha (k), Henru Coetzer, Klaas Venter, Albie Botha, Reuben Bothma, Werner Grobler, Vaughn Steynvaart, Valentino Fiekies, Triston Munro (ok), Tyrone Munro, Francois Smith

NETBAL

VOLKIESNETBAL

Lalie van der Merwe, Lihandi Venter, Willdine Smith, Arné van Tonder (k), Caey-Lee Smith (ok), Emma Barnard, Lunel Greyling, Chanlé Marais.

HOKKIESEUNS

Shane Miller v.d.Walt, Ruben Barnard, M.C. Janse van Rensburg, Petrie Barnard, Regard Le Roux, Youbert Rossouw, Liam Rocher, Willem-Jan Sprong, Div Huisamen, Jévan Dibate, Keanu Hurter, Jayden Smook, Jan Cilliers, Herman Jacobs, Dylan de Bruin.

VOLVIESHOKKIE

HOKKIEDOGTERS

Dannika Hebler, Carli van Niewenhuizen, Mariné du Plessis, Clarissa Henken, Makayla van Loggenberg, Anzelle Lotter, Ingrid Venter, Alisha Miller-v.d. Walt, Anje Brakhoven, Carli Venter, Elri van Zyl, Phia du Pisane Moné van Rooyen, Lara Lombard, Kaylee Els, Danté Simon

NWU PUK REEKS

RUGBY

Volkierugby het 2026 se winterseisoen met hoë verwagtinge afgeskop.
Die uitslae getuig van Volkies se suksesse op die veld.
Die topspanne in die NWU Reeks tot dusvêr is die 1ste span, die o/14 spanne, die 2des en die 3des het hul teenstanders laat les opsê.

Hierdie resultate wys dat harde werk en samehorigheid altyd beloon word.
Die 2des het 'n sterk vertoning gelewer en die veld gedomineer teen Bergsig met 'n telling van 40 - 19. Hulle dissipline en spangees wys dat sukses volg wanneer elke speler sy deel doen.

NETBAL

Volkies se netbalspanne is besig om die bane met oortuiging te domineer! In die eerste twee NWU Reeks-kragmetings het ons meisies 'n indrukwekkende 22 oorwinnings uit 24 wedstryde behaal — 'n bewys van hul harde werk en toewyding.

Wat hierdie prestasie nóg besonders maak, is dat die meisies nie net spelvernuf wys nie, maar ook uitstekende tegniese uitvoering, slim strategieë en uitsonderlike spanwerk. Volkies-netbal is beslis op 'n wenpad!

TENNIS



Volkies tennis is iets om te aanskou! Beide spanne, junior en senior, het saamgespan teen Hoërskool Jeugland gewen.

Onder die passievolle leiding van Juffrou Alta Furgison en Mnr Francois Rall gemeng met die dekades se afrigting-ondervinding en liefde vir tennis van Oom Jack Fenwick, kan mens mos nie anders as om 'n perfekte tenniskoek uit die oond uit te haal nie.
Ons tenniskoek is tot perfeksie toe versier met Volkies wat 6:30 getrou in die oggende aanmeld vir oefening, gereed om soveel te leer as wat hulle kan.

HOKKIE

Volkies se nuwe hokkiedirekteur, Mnr. Manie Last maak groot golwe.

Die harde werk wat ingesit is die afgelope jaar, saam met die afronding en kondisionering wat huidiglik hard aan gewerk word, maak Volkies se hokkie die sport om dop te hou!
Die hokkiespanne neem tans deel aan die NWU PUK-reeks en behaal uitstekende resultate. Alhoewel die kompetisie straf is, staan Volkies bankvas agter die hokkiespanne.
Die skole wat betrokke is in die NWU Wintersportreeks verseker hul van aksiebelaaide en spanningsvolle wedstryde,

van afslaan tot die eindfluitjie blaas.

Volkies se seunspanne is beslis op 'n opwaartse kurwe. Hulle oefen hard onder leiding van Mnr. Marius Heyns en die resultate is sigbaar op die veld.
Die momentum in Volkieshokkie is iets om oor opgewonde te raak.

'n Nuwe netbalseisoen lê voor ons. 'n Seisoen vol nuwe kanse, hardewerk, spanwerk en groot oomblikke. Elke oefening, elke wedstryd en elke bietjie ekstra op die baan bou aan wie julle as spelers en as span gaan word. Onthou, netbal gaan nie net oor wen nie! **Dit gaan oor deursettingsvermoë en dissipline en om mekaar te ondersteun.** Daar gaan dae wees wat dit moeilik voel, wanneer bene moeg is en die telling nie in ons guns is nie, maar dit is juis daardie oomblikke wat ware spelers wys.

'n Span wat saam werk, mekaar aanmoedig en nooit opgee nie, kan ongelooflike dinge bereik. Elke speler in hierdie span is belangrik. Elke onderskep, elke gooi elke doel en elke woord van aanmoeding maak 'n verskil. Speel hierdie seisoen met hart, trots en respek , vir julleself, vir julle spanmaats en vir die spel. Geniet elke oomblik op die baan, leer uit jou foute en vier elke klein oorwinning saam.
Kom ons maak hierdie seisoen een wat ons gaan onthou.
Speel hard, speel slim en speel vir mekaar."

-Coach Lelane.

BIETJIE AANMOEDIGING

"AGTER ELKE SUKSESVOLLE SPAN STAAN 'N AFRIGTER WAT IN HULLE GEGLO HET."

'n Nuwe seisoen lê voor ons. Dis nie net nog wedstryde nie—dis nog 'n kans om te wys wie ons is. Wanneer ons die veld betree, dra ons nie net ons trui nie, ons dra die naam van Hoër Volkskool Heidelberg, ons span, en mekaar.
Rugby gaan nie net oor wen nie. Dit gaan oor karakter. Dit gaan oor opstaan wanneer jy moeg is. Dit gaan oor die ekstra tree gee wanneer niemand kyk nie. Dit gaan oor om vir jou spanmaat te speel want hy vertrou jou.
Onthou: talent wen wedstryde, maar harde werk en dissipline wen seisoene.
Daar gaan tye wees wat dit swaar raak. Wedstryde wat nie uitwerk soos ons beplan nie. Maar dis juis daar waar kampioene gebou word, wanneer jy kies om aan te hou veg. Speel met trots. Speel met hart. Speel vir mekaar.
En bo alles onthou hoekom julle speel: vir die liefde van die game, vir die broederskap, en vir die voorreg om hierdie trui te dra.
Hierdie is ons seisoen. Kom ons vat dit.
Volkskool saam, sterk!

-Coach Louwtjie.

Die Hoër Volkskool Heidelberg se eerstespan hokkiedogters sien met groot opgewondenheid uit na die nuwe seisoen.
Die span beskik oor besondere talent, toewyding en 'n sterk spangees.

Met hardewerk, dissipline en deursettingsvermoë is die dogters gereed om elke uitdaging aan te pak en met trots hul skool op die hokkieveld te verteenwoordig.

-Coach Manie.

SOSIAAL

Om 'n Volkie te wees is 'n FEES!!

Op Maandagoggend, 9 Maart, het ons by Hoër Volkskool Heidelberg die voorreg gehad om twee besondere gaste te verwelkom – Jaco Kriel, voormalige Leeus- en Springbok-rugbyspeler en sy vrou, Nastasja Kriel.
Jaco het sy inspirerende lewensverhaal met ons leerders gedeel en ons Volkies aangemoedig om wyse besluite in die lewe te neem.

Sy boodskap was eenvoudig maar kragtig: "You don't only live once, you live everyday." Hy het die leerders herinner dat mens nie 'n slagoffer van moeilike of slegte omstandighede hoef te wees nie – gebruik dit eerder as 'n geleentheid om te groei en 'n verskil te maak.

GEESWEEK

Want Volkies het GEES...Wat van jou?

VOLKIEWEES

"Volkiewees: elke foto vertel 'n storie."

VALBAL

Want Volkies vier liefde ♥♥

REDAKSIESPAN

ANELL SHEPHERD
Redakteur

DANIKA VAN JAARSVELD
Sport & Akademie

NATHAN PISTORIUS
Sosiaal & Kultuur

LEONETTE VERMEULEN
Akademie

DANIQUE BAIRD
Sport

JANKE DU PLESSIS
Sosiaal

MILEY SHARP
Kultuur

ADVERTENSIE GELEENTHEID

GROEN BLAAIE

- 1 x Advertensieplasing per kwartaal
- Advertensie in die jaarboek
- 900px(w) x 1080px(h) advertensiegrootte

R450 PER MAAND

HOOF KOERANT

- 1 x Advertensieplasing per kwartaal
- Advertensie in die jaarboek
- slegs vier spasies beskikbaar
- 1080 x1200 px advertensiegrootte

R 700 PER MAAND